

Hoofstuk van die dag: Psalm 89

> *Hy is God, vir Hom het die hemelse vergadering ’n heilige ontsag. Hy is magtig, gevrees onder almal rondom Hom. (vers 8)*

In die denke van die Godsvolk het daar oor die eeue ’n groot

verskuiwing gekom. Aanvanklik het hulle geglo dat God te midde van vele ander gode die grootste is (vgl. 1 Kron 16:25, Ps 96:4 en 135:5). Ander gode het ook in die hemel gekom en in ’n hemelse vergadering sitting gehad, amper soos die oudstes in die stadspoort sitting en stemreg gehad het. Satan was deel van dié vergadering (Job 1:6) en het ’n vrye sê gehad.
Ps 89 dink ook nog so oor die hemelse vergadering.
In die Nuwe Testament het dié verstaan verander. Die gode, magte en kragte is steeds aktief, maar hulle is nie meer in die hemel nie (Efes 6:11-12). In die troonsaal van die hemel is daar geen teken van hierdie opponerende magte nie. God is absoluut soewerein. Kyk gerus na Op 4 en 5.
Die geheim lê in Christus se koms. Hy het Satan oorwin, en sodoende is Satan en sy trawante uit die hemel verban (Luk 10:18).
Ons kan vandag saam met die digter, maar met groter insig, die grootheid van God besing. Halleluja!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026